

REFORMASIE 500 (Artikel 4)

JOHANNES HUS STERF OP DIE BRANDSTAPEL

Op reis deur die geskiedenis van die Reformasie, moet ons vir 'n oomblik by Konstanz aandoen. Dit is waar die eerste martelaar van die Reformasie op die brandstapel gesterf het.

Die gebeure is soos volg beskryf: "Buite die stad het sy boeke reeds gebrand. Hy is daarby verby gelei na die brandstapel wat vir hom gewag het. Terwyl die vlamme hom verswelg het, het hy uitgeroep: "Christus, U die seun van die lewende God, wees my genadig!" Nadat hy die gebed 'n derde keer gebid het, het die wind gedraai en is sy stem nie weer gehoor nie".

So het Johannes Hus in 1415 in Konstanz, Duitsland, as eerste martelaar van die Reformasie gesterf.

Hus is in 1369 in Husinec in die Tsjeggiese Republiek gebore en het 'n groot deel van sy loopbaan as dosent aan die Universiteit van Praag en as prediker by die Bethlehem-kapel by die universiteit deurgebring.

Hy het bekend geword vir sy kritiek teen die kerk omdat hy onder meer verkondig het dat die Bybel meer gesaghebbend as die tradisie was, dat die preek die belangrikste deel van die erediens moes wees en dat die kerk die liggaam van Christus is waarvan Christus self die enigste hoof is.

Hus het hom verder veral die argwaan van die kerk op die hals gehaal deur te beklemtoon dat net God sondes kan vergewe en dat aflaatbriewe waardeloos was.

Na uitgerekte geskille met die kerk in Praag, is sy saak na Rome verwys. In 1415 moes hy homself by die Konsilie van Konstanz gaan verdedig. Hy is egter gevange geneem en ter dood veroordeel sonder dat hy ooit die geleentheid gehad het om sy saak te stel.

Meer as 600 jaar later is Johannes Hus se dood een van die bakens op die pad van die Reformasie – in die woorde van een van sy volgelingen steeds " 'n oproep tot dissipelskap en 'n lewende van toewyding aan die lewende God".

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:

Sáám gee ons om!

Julie 2017

Al kry ons swaar, daar is beter opsies as bekommernis

Daar was in 'n dorpie 'n kompetisie. Indien enige iemand uit 'n lemoen nog drie druppels sap kon druk nadat 'n kragman die lemoen uitgedruk het, dan sou so 'n persoon vir elke druppel 'n R1000 kry. Een na die ander het probeer, maar sonder sukses. Toe kom daar 'n skraal bleek mannetjie aan en druk sommer so drie druppels uit. Hoe wou almal weet kry jy dit reg? Ek werk vir SARS, was sy antwoord.

Ons voel dikwels soos die lemoen wat deur nog iemand verder uitgepers word, terwyl ons lankal voel ons kan nie meer gee nie. Emosioneel, liggaamlik, finansieel, tyd en geestelik belewe meeste van ons groot druk. Dit is hoe lewe gebeur in hierdie gebroke wêreld, ook in ons tyd.

Die groot vraag is wat ons daarmee maak? Hoe reageer ons daarop?

Om met vrees, ang of bekommernis te reageer werk nie, dit doen skade en is nie wat die Here wil hê nie. Bekommernis neem ons fokus weg van God en dit is die ergste ding wat ons onself kan aandoen. Wanneer ons aandag gefokus raak op ons omstandighede of finansies dan vergeet ons wie God regtig is en watter heerlike beloftes Hy alles gee. Bekommernis is 'n mosie van wantroue in God.

Hier is 'n paar skrifgedeeltes wat ons kan help om weer ons fokus te herstel:

Psalm 24:1 Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Mat 7:7-11 Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, (8) want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. (9) Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, (10) of 'n slang as hy vis vra? (11) As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

Fil 4:19 En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Rom 8:32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Mat 6:31-33 Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. (32) Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. (33) Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Die lewe is tans nie maklik nie. Die drukte van alle kante is 'n werklikheid. Tog is God en wat Hy beloof vir ons as gelowiges 'n groter werklikheid. Kom ons hou ons fokus op die regte plek dan sal ons God se vrede kan beleef ten midde van al die drukte en die bonus is, Hy sal sorg.

Leon van Heerden

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **9 Julie:** Doop @ 9:00
- ♦ **24 Julie:** Skole Open
- ♦ **30 Julie:** Youthbash om 17:00

Sien jou daar!

ONS 40 DAE REEKS HIERDIE JAAR SE TEMA: VREUGDEVOL VRY

ONS BEGIN SONDAG 6 AUGUSTUS.

JY KAN INSKAKEL DEUR:

1. Dagstukkiesboek te koop en vir die 40 Dae mee te doen
2. Deur elke Sondag vir 6 weke eredienste by te woon
3. Deur in te skakel by 'n Omgeegroep vir die 40 Dae.

INDIEN JY AL DRIE KAN DOEN SAL JY DIE MEESTE WAARDE UIT DIE 40 DAE KRY.

Doen wat vir jou moontlik is en bid saam met ons vir Geestelike groei in hierdie tyd.

Elke Omgeegroep sal DVD-snitte hê vir elke week se groepsessie.

Indien jy kans sien om gasheer/vrou te wees vir twee of drie ander persone of pare sal dit wonderlik wees.

- ♦ Vrae oor die reeks: Kontak vir Ds Tait of van Heerden
- ♦ Vrae oor groepe en om as gasheer/vrou op te tree kontak vir Tom (082 372 9803)
- ♦ Gert Kok sal Sondae na diens by nuwe lidmate –toonbank ook vrae beantwoord.



DURIANA FOODS GALORE

Heerlike bevore of tuis gekookte etes beskikbaar.

Verskaf ook Platters, koeke en spysenierings dienste.

Vir 'n volledige spyskaart kontak Durette 0828381585 of Diana 0845167347

E-pos: Durianafoods@outlook.com




Ken jou Kerk: Kerklike "Sparkplugs"?

Ons sinode se amptelike naam is Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Engels is Dutch Reformed Church in South Africa. **Hoekom kort ons nie NG Kerk af met "NGK" nie? Hoekom vermy ons "DRC" as afkorting vir die Engelse naam?**

Met goeie rede ...

NGK verwys na die vonkproppe ("sparkplugs") se naam – en daar-om het die Sinode besluit dat ons afkorting altyd NG Kerk moet wees.

In Engels gebruik ons "DR Church", anders kan mense ons verwar met die Democratic Republic of the Congo (kyk gerus self wat gebeur as jy *DRC* intik by Google).



ELEKTRIESE KONTRAKTEUR



GRATIS KWOTASIES

KONTAK DV

082 886 8551

www.electricianatpretoria.co.za



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.

Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.

Kom maak jou musiek-droom waar!

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

6

OMGEE-BEDIENING



Ons gemeente lewe in sy omgeegroep. Daar is 'n groot verskeidenheid groepe – elkeen met sy eie karakter. Groepe kom reg deur die week bymekaar en êrens is daar 'n groep wat jou soos 'n handskoen sal pas. Groepe bestaan uit gesinne en / of enkellopendes.

Die grootste opdrag sekerlik vir ons in die samelewing is om iewers op een of ander wyse vir iemand om te gee. Hierdie omgee is 'n omgee-gevoel, maar dit is ook om jou in iemand anders se skoene te plaas. Dit is om iemand anders se seer en vreugde as 'n werklikheid vir die spesifieke persoon raak te sien en te beleef. Dit is die oomblik wat jy jou hart vir iemand anders oopmaak en die ander een in sy/haar omstandighede begin verstaan.

Hierdie "omgee" groei met tyd en dit behels 'n besluit en 'n aksie. Dit kan beteken dat jy 'n sekere saak finansieel ondersteun of jy deel net 'n vriendelike glimlag. Dit is om iets te doen en 'n verskil te maak in iemand se lewe.

Jy staan op die punt om een van die beste besluite van jou lewe te neem! Daar is min dinge wat jou verhouding met die Here so goed kan doen, soos om aan 'n omgeegroep te behoort. Dit word die plek waar diep vriendskappe gesmee word. Groepsdinamika herinner elkeen van ons dat ons geskep is om in verhoudings te leef.

As jy nog wik en weeg of dit nodig is om by 'n omgeegroep in te skakel, kom woon een van ons groepe se byeenkomste by.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak:

Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803

e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

LIDMAAT-BEDIENING

Baie welkom aan die nuwe lidmate van Mei maand.



Christo, Hettie du Plessis en
Helene, Tanya van Vuuren

Hendrik, Chanel en Mienke
Samuels



Jan, Marietjie, Mené en
Daniëlle Janse van Vuuren



Theuns, Thea, Lu-Marie
en Waldo Botha

AKSIE PLUS - WAAR ALMAL WELKOM IS!

Aksie Plus besoek aan Purple Posie Lavender Plaas - 22 April



*Was 'n heerlike bederf met Lavender Tee, Sjokolade koek, souttert en
die maak van ons eie Lavender Hand Scrap met verkeie olies!*